



27 MEI 2018

09:00 Erediens – Kerk

Eric Scholtz

09:00 Gesindiens – Saal

Peet Crous

Groei in God.

**09:00 Kategese Gr 1 – 6 en Kleuterkerk
in die Saal**

18:00 Aanddiens & Pelgrimgroepe (Snr. Kategese)

Fay van Eeden – Nagmaal

Kyk vir 'n oomblik na jou voete.

*Rachelle Visser word as Sekundus-kerkraadslid vir
Nuwe Generasie tydens die aanddiens bevestig.*

19:00 Belydenisklas

Verskillende kerkgroepe. Kleingroepe

3 JUNIE 2018

09:00 Erediens – Doop

Peet Crous

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk

(Afsluiting.) Pappa is spesiaal!



09:30 Lynnwood Oord-diens

Johan Jooste

18:00 Aanddiens & Pelgrimgroepe (Snr. Kategese)

Immanuel van Tonder

19:00 Belydenisklas

Ander godsdienste. Kleingroepe

Caritas Sondag – Uitreike!

Ons het verlede week Lynnwood Gemeente se Uitreikbediening (hieronder) bekend gestel. Neem gerus 'n die inligtingsboekie by die Info-toonbank of by die deure en kom raak betrokke!

Adult Education, Allimentasie, CMR, "Geereg" Koepon stelsel, Gemeenteprojekte, Gideons, Harmonie oord vir bejaardes, Helplift, Jakaranda Kinderhuis, Kamcare: Kameeldrift, Kleingroepe se uitreike, Lynnwood outreach, Nuwe Generasie uitreike, PEN, Ratanang, Tabita, Vrouegroepe se uitreike, Wespoort voeding en uitreikprojek, Ya Bana, Wozaanibone

Oorweeg gerus biddend of u nie by een of meer van die projekte betrokke wil raak nie. Al die bediening is afhanklik van fondse. Ons wil u dus ook nooi om 'n bydrae te maak.

Rekeningbesonderhede:

(NB: Merk asseblief u bydrae Caritas)

NG Gemeente Lynnwood, ABSA Takkode: 632005,
Tjekrekening nommer: 540 580 014.

Debietorders:

Voltooi asseblief die *Debietordervorm* beskikbaar op die web .

Maatskappye ontvang 'n belasting voordeel en verdien ook *BEE punte*.

Meer inligting: Bertus van Tonder 074 582 8820.



Die week se kalenderaktiwiteite

- Maandag:** Kerkraadsvergadering 19:00 (Koinonia).
- Dinsdag:** Bybelstudiereeks: *Toon liefde teenoor die sondaar; haat die sonde?* 08:30 (A21).
Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572.
Bybelstudie 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959.
Tabita Naaldwerkklasse 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413.
Nuwe Generasie Bybelskool 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660.
- Woensdag:** Studente-selgroep 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836.
"Young couples"-omgeegroep 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
- Donderdag:** Bybelstudie 09:30 (Lynnwood Oord).
Tabita Naaldwerkklasse 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413.
Jong Volwasse-omgeegroep 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
- Vrydag:** Bybelstudie 08:00 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959.
Gebedsgroep 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of
Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Voorbidding:

Jack Brevis, Ritastraat 595, Morelettapark, 083 444 9510 – herstel na motorongeluk.

Christelle du Preez, Borderweg-Oos 318, Lynnwood, 074 888 1556 – seuntjie, Marius, herstel tuis.

Hulp benodig:

Drie hoërskoolseuns van Jakaranda Kinderhuis 6 benodig hulp met wiskunde. Indien u kan help skakel asseblief vir Riana Steenkamp 071 331 9609 of Noella Semmelink 084 396 1059.

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkeers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

Beste ouers van ons senior katekisanter

Die eksamen is om die draai en ons weet dat dit 'n druk tyd is vir ons jongmense. Ons kies elke jaar om ons senior katekese vroeër af te sluit sodat jongmense op hulle akademie kan fokus. Om daardie rede sluit die Senior katekese op 3 Junie af. Ons weet dat sommige van ons jongmense dan alreeds met eksamen besig is, maar ons vra dat u asseblief u kind sal aanmoedig om die volgende twee Sondae wel die aanddiens en katekese by te woon. Komende Sondag (27 Mei) vind soos gewoonlik in die kleingroepe plaas. Die 3de Junie preek ds. Immanuel rondom die hantering van druk. Die aanddiens word opgevolg met 'n grootgroepbespreking wat ons glo vir ons jongmense baie sinvol gaan wees.

Belydenisklas gaan voort met hulle program tot en met 3 Junie. Vir enige navrae kontak gerus vir Fay van Eeden (083 478 0854) of Jeanri Bezuidenhout (074 893 2836).

Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing
NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of Snap Scan.



Snap here to pay

SnapScan

Kontak van die week: Meer waarde as die grootste diamant.

'n Wyse man het buite 'n klein dorpie onder 'n boom gaan sit en rus. Na 'n rukkie het 'n jongman uit die dorp na hom toe aangehardloop gekom en gesê: "Ek het 'n droom gehad dat jy vir my 'n groot, kosbare juweel gaan gee." Die wyse man het in sy rugsak gekrap en 'n diamant so groot soos die man se kop uitgehaal. "Ek het gister hierdie diamant in die bos opgetel. Hier is dit, jy kan dit maar kry!" Die jong man was oorstelp van vreugde en het juigend by die huis aangekom.

Daardie nag kon die jongman nie aan die slaap raak nie! Vroeg die oggend hardloop hy na die wyse man toe. "Meneer, ek kon gisteraand glad nie aan die slaap raak nie. Ek het hele tyd gedink oor jou geskenk aan my en gewonder hoekom jy die diamant sommer net so weggee het? Toe besef ek dat jy iets het wat meer waardevol is as die diamant! Wat is dit wat jy het wat so waardevol is, dat jy bereid is om 'n kosbare diamant weg te gee?"

Die wyse man het van oor tot oor geglimlag toe hy besef dat die jongman nou reg is om die waardevolste geskenk in die wêreld te ontvang; 'n rykdom wat veel meer werd is as die kosbaarste diamant!

Die ou verhaal eindig ongelukkig net hier. Ek wens eintlik die skrywer het verder geskryf sodat ons ook die geheim kon hoor. Al wat ons kan doen is om maar net te spekuleer wat daardie kosbare rykdom is wat meer werd is as die duurste diamant.

Dalk is die rykdom om nie deur jou besittings besit te word nie! Daar is 'n diep vryheid en ontspanning wat oor jou kom as die angstigheid oor jou besittings wegvloei.

Die ander skat in die verhaal is die vreugde van gee. Dink net weer daaroor na hoe jy gevoel het toe jy iemand kon help vir wie dit werklik 'n verskil gemaak het in hulle lewe.

Ons elkeen het baie om te gee. Wat ons kan gee, is nie net geld en besittings nie, maar ook ons talente, aandag, energie en tyd. Dink net wat 'n glimlag vir iemand anders kan beteken. Jesus het vir ons gedemonstreer hoe 'n "lewe van gee" lyk.

'n Lewe wat die voordeel van ander mense soek, is 'n sinvolle lewe. Dit laat die wêreld 'n beter plek agter as hoe ek dit gevind het. Baie mense is net veeleisende verbruikers van wat die lewe bied. Dit maak jou werklik arm!

Daar word vertel dat Viktor Frankl vir Maslow 'n brief geskryf het dat die toppunt van die driehoek van menswees nie selfaktualisering is nie. Hy het gesê dat as jy jouself gee is dit die toppunt van selfaktualisering.

Elkeen se gee lyk anders. Al lyk wat jy gee min, soos die arm weduwee in die Bybel, is die gawe groot en die impak op die koninkryk van God beduidend. Om te gee is die klein mieliepit wat jy plant, om die groot oes van lewensvervulling te ontvang.

Prof Martin Seligman skryf dat dankbaarheid 'n "I-opener" is. Ja, dit maak jou oë oop, maar dit maak ook jou wese ("I") oop om te kan gee en 'n verskil te kan maak.

Lukas Maree het soos die wyse man hier bo 'n diep waarheid beet as hy sing: "*Dit is die dinge wat jy weggee wat jou ryk maak!*".

T-TYD

Lees asb deur die gemeente se Caritas uitreike dokument en oorweeg om 'n bydrae te maak na gelang van jou roeping en gawes. Lees die insiggewende Caritas-dokument hier.

<http://e.issuu.com/embed.html#1361349/61427933%22%20frameborder=%220%22%20allowfullscreen=>

Groete

Immanuel van Tonder

(Namens die predikantespan)

Naam _____

Selfoonnommer _____ Landlyn nommer _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

Handtekening _____

Datum _____

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.

*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

Kamers te huur beskikbaar: Sowat 6km vanaf Tuks en 1km vanaf die WNNK, in Lydiana/Brummeria naby die Botaniese Tuin. Skakel Fransiska Schutte (Prinsipaal), 082 566 3293 of stuur 'n e-pos aan fransiska@realfundi.co.za

Onderwys hulp: Benodig u kind 'n AMANUENT, SCRIBE of READER vir toetse en/of eksamen? Ekstra klasse in GEOGRAFIE en/of BESIGHEIDSTUDIE (Gr 8 – 12)? Veral as hulle reeds of oorweeg om **vakke te verander**? Skakel 082 473 9085 / 012 348 2392 of stuur 'n e-pos aan mathilda.geyvanpittius@gmail.com

Afgetrede gegradueerde onderwyseres is op soek na 'n deeltydse admin pos in Pretoria Oos. Ek is rekenaar vaardig en beskik oor goeie taal en skryf vaardighede in Afrikaans en Engels. Ek is tweetalig en kan ook vir laerskool leerlinge help met ekstra Engelse lesse. Skakel my asb. by 082 361 2414.

Kennisgewingborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.


Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov.



Kontak-inligting: Kerkkantoor: 012 348 1245 kerkkantoor@nglynnwood.co.za.

Kantoorure: Maandae – Donderdae 07:30 – 13:00 en Vrydae tot 12:00.

Koster: Juan Ferreira 084 588 4948. Kombuis: Maretha Brits 073 267 7019.

Kom  ons en gesels saam op Facebook by Lynnwood Gemeente,

Nuwe Generasie (@nuwegenerasielynnwood) of Musiek at Lynnwood Gemeente.

www.nglynnwood.co.za.